

Afrikaans Bly My Taal.

AFRIKAANS BLY MAAR DIE BESTE TAAL OOIT!

- Sy het so baie plooië, sy skroef haar hoed op!
- Ek is nou so lui my hol hang oop!
- Hy is so maer, hy lyk soos 'n potlood met 'n handbriek.
- Ek is nou so opgewonde soos 'n budgie op steroids!
- Jy's so skeel jy kyk jousef diep in die oë!
- Hy is so kort hy weet nie of dit keelseer of aambeie is nie.
- Hy is so kort hy slaan tot sy onderbroek se pype om.
- Hy is so maer, as hy langs 'n wit muur loop lyk dit soos n kraak wat beweeg!
- Hy is so skelm, hy bid onder 'n skuilnaam
- Ek gaan jou klap dat jy lus kry vir niks
- Ek sit nou so lekker ek staan sommer op en sit weer.
- Lang gesig soos 'n bok wat afdraand vreet.
- Drank los nie probleme op nie, maar so ook nie melk of water nie.
- Ek voel nou so goed, ek vul sommer die lotto nommers verkeerd in.
- Ek is nou so lui ek trou sommer 'n pregnant vrou.
- Ondervinding is iets wat jy eers kry nadat jy dit nodig het.
- Almal kry die voorreg om onnosel te wees, net jammer party maak misbruik daarvan.
- Ek is so de bl*ksem in, ek soen sommer 'n pofadder oopbek.
- My vrou is so lelik, as sy op die sand sit wil die katte haar toekrap.
- Arende vlieg dalk hoog, maar muishonde word nooit deur 'n vliegtuigmotor ingesuij nie.
- Die mens is op aarde geplaas om 'n sekere hoeveelheid werk te doen, op die oomblik is ek so ver agter ek sal nooit dood gaan nie.
- Ons kannie almal helde wees nie, iemand moet langs die pad staan en hande klap.
- Ek glo dat as iets die moeite werd was om te doen, dan sou iemand anders dit lankal gedoen het.
- Jy mag nooit meer as jou yskas weeg nie!

GESEGDES

- Mens moet nie werk om te lewe nie – hy moet lewe om te werk. (Hannes Horn)
- Die boer se voetspore is die beste misstof op die land. (Hobson)
- Om te dink is maklik; om te doen is moeilik; Om te doen soos 'n mens dink, is die moeilikste van alles. (Van Goethe)
- As jyself dink en doen, is jy beperk tot jousef. As jy LEES en DINK en DOEN, is die wye wêreld jou helper. (Readers' Digest)
- As jy by iemand se vuur gaan sit, moet jy eers kyk van watter kant die wind waai. (Mosjesh)
- Jy kan nie die armes ryk maak, deur die rykes te verarm nie. (A. Lincoln)
- Jy kan nooit wen as jy 'n saak met die Duiwel het en sy kantoor is in die Hel nie. (Markus Nortjé)
- Dis klaar Hel op aarde om met 'n goeie vrou getroud te wees – wat nog te sê met 'n slegte vrou! (Tolla van der Merwe)
- Die wonder van 'n nuwe oggend is dat dit ons die geleentheid gee om VOOR TE BEGIN! (Die Ploegvoor)
- Die gefluisterde woord trek verder as die harde geskreeu.
- Dis 'n goeie boeregewoonte: 'n Mens kom nooit met leë hande by iemand aan nie...en jy stuur hom ook nie met leë hande weg nie! (Nenna – Egoli)
- Die goed wat jy aan jou ouer doen, dit belê jy rente op rente, maar wat jy aan jou kind doen, dit is jy die meeste van die tye met kapitaal en rente kwyf. Dis 'n gelukkie as jy daar iets van terugkry. MOET NIET DAAROP REKEN. (De Kleine Johannes)
- 'n Boer wat ophou skoolgaan voordat hy doodgaan, moet liever doodgaan voordat hy ophou skoolgaan. (Wenakker – Okt. 1996)
- Julle kan dink en praat soos julle voel en oortuig is. Ek sal dit respekteer MAAR, moenie die houding van AAG-G WAT-T, aankweek nie. (Ester Geldenhuys – Kroonstad)
- Vergelyk eers wat jy het met wat jy nie het nie – dan kan jy waardeer wat jy nie het nie en liefkry wat jy het. (C. J. Langenhoven)

- Moenie oor my treur nie – wees bly dat ek eens hier was. (Poela Claassen)
- Jou karakter, soos die fundamente van 'n huis, is onder die oppervlakte.
- Die mens wat dink geld het veel waarde, bly nog 'n tydverkwister. So, koop al die skatte van die aarde – nie een minuut van gister. (Kallie Uys)
- Dis goed om geduld te hê, tensy jy iets gedoen wil hê...
- Een mens verneuk nie 'n ander nie. Elke mens verneuk homself. (Bertus van Wyk en Unis Oosthuizen)
- Iets is beter as niks. (Louisa Loots)
- Die verhouding tussen Hoofman en Werknemer is soos dié tussen die wind en die gras. Die gras moet buig as die wind daaroor waai. (Confusius)
- Trou die dogter van 'n goeie ma. (Fuller)
- Dit verg meer moed om te ly, as om te sterf. (Napoleon)
- Ons is gebore om die waarheid na te streef – om dit te besit, is die voorreg van 'n Hoër Mag. (Montaigne)
- 'n Sinikus is iemand wat die prys van alles weet en die waarde van niks. (Oscar Wilde)
- Hou jou oë goed oop voor die huwelik en half-toe daarna. (Thomas Fuller)
- Elke mens kom vroeër of later, sy Waterloo teë! (Wendell Philips)
- 'n Swak tou, moet liggies getrek word.
- 'n Mens kan die wyn nie beoordeel, deur na die vat te kyk nie.
- Die regverdige belofte min en verrig baie. Die Bose belofte baie en verrig nie eens min nie.
- Daar is 'n definitiewe korrelasie tussen leesvermoë en leervermoë.
- Die lewe sonder HUMOR, is soos 'n kar sonder vere. Dit kan die stampe van die lewenspad nie absorbeer nie.
- As jy skop, kan jy nie trek nie en as jy trek, kan jy nie skop nie. (Dr. Stef Naudé)
- Pasop! Wat jy met jou hande opbou, moet jy nie met jou agterent omstamp nie. (Tot Pienaar)
- As is en was, nou nie daar was of was het is gebly en daar was nooit 'n by wat was, dan was was mos is gewees. (C.J. Langenhoven)
- Die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde, is die taal van slawe. (Dr. Cas Bakkes)
- Elke mens is 'n dief in sy eie nering. (Fred van Zyl)
- 'n Mens weet meer van 'n pad deur dit te bewandel, as deur al die voorstellings en beskrywings in die wêreld – AS jy jou oë oophou en sien wat jy sien.
- Bid vir 'n goeie oes, maar hou aan werk. (Ploegvoor)
- Mense is meer begaan oor wat hulle weet as om te ontdek wat hulle nog nie weet nie!!
- Gooi weg die blink horlosies – werk van sonop tot sononder EN die plaas is JOU Baas – nie jy nie. (kleurling leier Nel van Gariep aan sy mede-boere)
- Maak die pas van die natuur jou eie – haar geheim is geduld en volharding. (J.D. Ploegvoor)
- Ek sien die veld, die Bosse, Berge, Vlake. Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind. O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles en U sorg dag na dag vir my, U kind.
- As petrol en vuur bymekaar kom, brand dit en as mis en donderweer bymekaar kom. reën dit. (Niklaas Jackson)
- Jy kan nie uitdeel wat jy nie het nie. (Ds. Daniël Botha)
- Sukses, is die kuns om hooi te maak van die gras wat ander mense onder hul voete vertrap. (Hobson)
- Die plaas is nie 'n koei wat in die hemel kos kry en op aard gemelk kan word nie. (Ludwig Erhard)
- Maak jou vriendelikheid goedkoop en hou jou vriendskap duur.
- Jy het nog niks geleer van iemand wat oor alles met jou saamstem nie.
- Aan skuld betaal kom 'n end, maar aan spyt kom nooit 'n end nie. (Hannes Horn)
- Al die suksesse in die wêreld is gebaseer op toewyding en 'n goeie wil. (Goelie Horn)
- Pasop vir 'n na-paadjie. Daar moet 'n rede wees waarom die grootpad nie daarlangs gaan nie. (C.J. Langenhoven)
- Die prys van vryheid is ewige waaksaamheid. (G.J.B. Volschenk)
- Behandel jou meerdere met beleefdheid omdat dit jou plig is, jou gelyke omdat dit jou plesier is, jou mindere omdat dit jou voorreg is. Die voorreg is aangenaam as die plesier en die plesier is soeter as die plig. (C.J. Langenhoven)
- Skat jou bekwaamheid te min om mee te spog en jou karakter te goed om mee te speel, dan sal jy jou selfrespek bewaar en die respek van jou medemens verseker. Daar is maar een soort wat

- hul deugde onderskat – dis die werklik bekwames. (C.J. Langenhoven)
- Moenie jou goed in jou lewe onder jou kinders uitdeel nie. As hul spandabel is, sal hulle die goed deurbring en as hulle alternatief inhalig is, sal hulle jou verwaarloos. (C.J. Langenhoven) (Keep them guessing (JG H) Wat ek tot my spyt en verdriet nie gedoen het nie)
 - Moenie jou kinders onskuldige plesier belet nie. Hulle sal dit steel en dan is jy nie daarby om te sien dat hulle nie die skuldige by steel nie. (C.J. Langenhoven)
 - Dieselfde water draai die verstandige man se meule wat die dwaas se grond verspoel. (C.J. Langenhoven)
 - Moenie roem dat jy geen kwaad gedoen het nie. Watter goed het jy gedoen” ‘n Steeks perd is nie meer werd as een wat skop nie. Hy beteken minder – een wat skop, kan jy terug skop, maar jy kan nie terug steeks wees nie. (C.J. Langenhoven)
 - Arende vang nie vlieë nie. (Jan Nel)
 - Die lewe is soos ‘n “niggerball”. Hy breek jou tande, maar jy hou aan suig.
 - Die beste manier om ‘n goeie indruk op iemand te maak, is om hom die geleentheid te gee om ‘n goeie indruk op jou te maak. (John Gibson)
 - Wanneer ‘n man en vrou hul huwelik begin bespreek, lê hulle getuienis af by ‘n geregtelike ondersoek. (H.L. Menchen)
 - Agter die kruis, staan altyd die duiwel. (Cervantes)
 - Mense wat min weet, praat baie; mense wat baie weet, praat min. (Jean Jacques Rousseau)
 - Ontwyk die uitvraer, want hy is ook ‘n verklapper. (Horatius)
 - Een hoofd vol kreuken – een geweten sonder rimpel. (Vondel)
 - Die gierige mens is altyd behoeftig. (Horatius)
 - Daar is geen opregter liefde as die liefde vir kos nie. (G.B. Shaw)
 - Die geheim om te verveel is om alles te vertel. (Voltaire)
 - Moet nooit aftree nie. Dis beter om te verslyt as om te verroes.
 - Geen spiesen maacht so diepe wonden als achterklap en boose monden. (CATS)
 - Carpe Diem: Gryp die dag!
 - Sielkundiges se manier van groet: “Dit gaan goed met JOU, hoe gaan dit met my?”
 - Ons moet die kwaadpraat met goedpraat doodpraat.
 - Senior burgers: Vraag: “Wat maak julle heeldag?” Antwoord: “Ons soek ons goed en probeer onthou wat ons vergeet het!!!!”
 - Die manier om ‘n goeie reputasie te kry, is om eerlik te streef na die beeld wat jy wil wees. (Socrates)
 - Daar is geen regte manier om ‘n verkeerde ding te doen nie. (J.D. Ploegvoor)
 - As jy daaroor kan lag, kan jy daarmee saamleef.
 - Wat is die belangrikste – geluk of sukses?
 - ‘n Druppel gal is in die soetste wyn; ‘n Traan op elk vrolik snaar; in elke lag ‘n sug van pyn, in elke roos ‘n dowwe blaar. Gewis is alles net ‘n grap! Ons speel in die komedie mee; geblinddoek met ‘n lanferlap; wat selfs die son ‘n skadu gee. Die een wat deur die nag ons pret beloer en laaste lag – is Skoppenboer! (Eugene Marais)
 - Daar is 2 soorte werksmense: Een werk vir sy loon – die ander word beloon vir sy werk. (C.J. Langenhoven)
 - Dis ‘n tragedie as daar iets in jou sterf, terwyl jy nog lewe. (Dr. Albert Schweitzer)
 - Waar jy nie die daad kan weglieg nie, kan jy altyd ‘n ekskuus bylieg. (C.J. Langenhoven)
 - Wiens broodt men eet, die’ns woord met spreek.
 - Hoe beter man jy is, hoe jammerder is dit van die fout wat jy het. Dis op die wit papier wat die swart klad duidelik wys.
 - Wraak maak jou gelyk met jou vyand. Vergifnis plaas jou hoër as hy.
 - Daar is geen sukkel by kuns nie en geen kuns by sukkel nie.
 - Moenie fout vind nie, vind ‘n oplossing.
 - Om die toekoms te ken, is om verveeld te wees.
 - Jy sal verbaas wees hoeveel van jou geheime sondes jou bure weet. Hoekom sal hulle met jou daaroor praat? Hulle reken jy weet dit immers self. (C.J. Langenhoven)
 - Die mens met min woorde se solder is so klein dat daar nie plek vir kaf is nie. (C.J. Langenhoven)
 - Haat is selfmoord op ‘n langtermyn basis.
 - Daar is lewe in die grond. Dit gaan in die saad in en wanneer dit versteur word, gaan dit ook in die man wat dit versteur. (Charles Dudley Warner 1829 – 1900)

- Gemoedskalmte en beheersug sit nie in dieselfde leunstoel nie. (Paul Eylers)
- 'n Mens het nog nie gemoedskalmte, voordat jy nie kan niksdoen, lekkerdoen nie! (Paul Eylers)
- Dit help nie om in die dooie kole te blaas nie. Jy blaas hul net kouer en jou oë vol as. (C.J. Langenhoven)
- 'n Skimp kan seerder maak as 'n skop. (C.J. Langenhoven)
- Een rede waarom 'n hond 'n goeie trooster kan wees as jy verslae voel, is dat hy nie vrae vra nie.
- Daar is maar één rede waarom 'n mens onder 'n vreemde nasie inkruip. Die voordeel van die parasiet OF die nadeel van die renegaat. (C.J. Langenhoven)
- As jy dan dwing om te val, doen dit terwyl jy nog op die onderste trappie is. (C.J. Langenhoven)
- Die liefde is 'n dubbeldoor – iets te wen en iets verloor. (Koos Du Plessis)
- Hulle krap op plekke waar hulle nie jeuk nie en ander jeuk weer op plekke waar hulle nie kan krap nie!
- Behandel die vreemdeling goed, maar wees versigtig om hom die kans te gee om jou te behandel. (C.J. Langenhoven)
- Begeer nie om 'n man van belang te wees nie, maar 'n man van waarde.
- Ons (die mens) se geheim: Aanpasbaarheid.
- 'n Mens moet die wêreld 'n beter plek agterlaat as wat jy dit gekry het. (J.W. Horn)
- "Pasop vir Chantel, sy brand die kookwater". (Eon de Vos – Pasella)
- 'n Graaf was my pen en die grond was my boek. (Theuns Hanekom)
- Gemak ondermyn 'n mens. (SKS 12/12/2000)
- As jy nie uit jou foute leer nie, is daar geen sin om hulle te maak nie.
- 'n Vergenoegde mens kan die natuurskoon langs 'n pad geniet.
- Kritiek is iets wat jy kan vryspring deur NIKS te sê nie, NIKS te doen nie en NIKS te wees nie.
- Wyse woorde val dikwels op bar grond, maar 'n vriendelike woord word nooit misken nie.
- Ek probeer my skandelige verlede troos met goeie voornemens vir die toekoms, maar hy skud net sy kop. (C.J. Langenhoven)
- Toe ek begin werk het, wou ek 'n groot klomp geld gou maak. Later wou ek 'n groot klomp geld maak terwyl ek dit geniet, maar later sien ek wat jy werklik wil hê, is om 'n klein verskil te maak. As jy dit kan doen, kom ander dinge vanself en kan jy dit terdeë geniet. (Peter Flack, Rand Gold)
- Om te dink is maklik; om te doen is moeilik. Om te doen soos 'n mens dink, is die moeilikste van alles. (Goethe 1749 – 1832)
- Naas die wete wanneer om 'n geleentheid aan te gryp, is die belangrikste ding in die lewe om te weet wanneer om 'n geleentheid te laat verbygaan. (Benjamin Disraeli 1804 – 1881)
- Dis nie welvaart en swier wat geluk bring nie, maar kalmte en werk. (Thomas Jefferson)
- 'n Mens moet onthou WIE die tafel gedek het, WIE die kos voorberei het. (Onthou wie die land geploeg en gesaai het.) (Dr. M.C. Theron)
- Om groot te skrik is soms meer werd as goeie raad. (Desiree Boshoff)
- Ek kan enigiets weerstaan behalwe versoeking. (Oscar Wilde 1892)
- Daar is baie goeie maniere om jou teen versoeking te beskerm – die maklikste is om 'n lafaard te wees. (Mark Twain 1897)
- Geleenthede gaan by mense verby omdat dit 'n oorpak aan het en na werk lyk!!! (Thomas Edison)
- Om elke dag te lewe asof dit jou laaste is – nooit oorhaastig nie, nooit ongevoelig nie, nooit met aansit nie – dit is die perfekte karakter. (Marcus Aurelius 121 – 180)
- Die beste een vinnigste manier om ander mens te waarder, is om te probeer om hulle werk te doen.
- Om vas te staan wanneer jy iets weet en toe te gee dat jy soms iets nie weet nie, dit is KENNIS. (Confusius 479 – 551 VC)
- Moenie wag dat iets vorendag km nie, vat 'n graaf en soek die skat. (J.D. Ploegvoor)
- Om te wees wat ons is en te word waartoe ons in staat is, is die enigste doelwit in die lewe. (B. Spinoza 1632 – 1677)
- Jan van Rooy, vang 'n vlooi – poef hom rooi en sê – dis mooi!
- As jy nie daarin slaag om te beplan nie, beplan jy om nie te slaag nie. (F & T)
- Hy is so haastig dat hy sy brood koud blaas en sy koffie kou. 'n Slegte dag het hy beskryf: "Dit was 1ste graad van laaste graad. 'n Goeie dag was laaste graad van 1ste graad. (Petrus Klaase se gesegde)
- As klein mensies groot skaduwees begin gooi, is die son besig om onder te gaan.
- Karakter is soos 'n boom en reputasie sy skaduwee. Die skaduwee is wat ons daarvan dink; die

boom is die werklikheid. (Abram Lincoln)

- As die pappot oorkook, maak dit 'n gemors – ook van homself. (Paul Eylers)
- Dis makliker om weg te bly van die aas as om los te kom van die hoek.
- Wat is jy? 'n Besitter van of 'n besitting van jou bates.
- Pasop vir die man wat te veel praat. Sy korrels is vol kaf en pasop vir die een wat niks sê nie. Hy het 'n verskuilde agenda.
- Vriende is soos bottels medisyne. Jy moet hulle eers goed skud, voordat jy drink.
- Dit is nooit my eie dood waaroor ek spekuleer nie.
- Ek wonder my dat daardie sterk vrou so skielik dood is en daardie siek man so lank leef....
- Die mooiweër sal jou nie beskuldig omdat jy jou jas en sambreel verniet saamgeneem het nie.
- Dawid Jones sê hulle melk ons nou sô vir die armes, asof dit ons skuld is dat hul arm is.
- U straf is te swaar vir my op aarde. Jy sal word 'n doellose swerwer op aarde, jou handewerk sal vervloek wees. Die aarde wat jy bewerk sal niks oplewer nie.
- Jy kan van 'n padda nie vere pluk nie.
- As jy jonk wil bly, bly bruikbaar.
- Die swaarste ding om te dra is 'n wrok.
- Geld is kleurblind, maar terselfdertyd uiters sensitief vir politieke uitsprake. (Chris du Toit)
- As jy wil leef op hoop alleen, sal jy sterf van honger, armoede en ellende. (SKS 30/04/2002)
- As jy geluk wil vind en soek, sal jy dit kry, soos die ou dame haar bril – al die tyd veilig op haar neus... (Joseph Billings)
- Moet nooit 'n apologie met 'n verskoning bederf nie.
- Geen mens het nog ooit in sy slaap ryk geword nie. (Danie Poggenpoel)
- Ek sê nooit vir my werksmense – loop en gaan doen 'n werk nie. Ek sê: “Kom ons gaan doen 'n werk. Bring julle toerusting.” (Piet Lotz)
- Sorg dat jy nooit jou geld belê in enigiets wat eet of wat geveerf moet word nie. (Billy Rose 1899 – 1966)
- 'n Bank is 'n plek waar hulle vir jou 'n sambreel gee wanner dit mooiweër is en dit terugvra as dit begin reën. (Mark Twain 1835 – 1910)
- Plooi pyn nie. (Hennie Beukes)
- Die reëlmaat van seisoene is ononderhandelbaar. Waar nou die dag nog niks was nie, rinkink die kleure en geur gratis en verniet. Die winterslaap was maar net die broeimasjien van die huidige kleur en geur. (Anita Chittenden)
- Teenspoed is deel van die lewe.
- Die lewe is nie net swart en wit nie.
- Selfs in die slegste vorm van werk, raak die mens se hele siel in harmonie die oomblik dat dit begin werk. (Thomas Carlyle 1795 – 1881)
- Die moeilikste besluite in die lewe is om te besluit watter brûe om oor te steek en watter om te verbrand. (J.D. Ploegvoor)
- Persoonlikheid het die mag om deure oop te maak, maar karakter is nodig om hul oop te hou.
- Erken as jy verkeerd is en bly stil as jy reg is. (Ds. Danie Du Toit 06/03/2003 en 11 Samuel 12:13)
- Jy moet maar self groei, ongeag hoe groot jou oupa was. (Abraham Lincoln 1809-1965)
- Selfs in my oupagrootjie se tyd, was daar iets wat jou aan die slaap kon kry. Hulle het dit werk genoem....
- Wat regtig saak maak, is wat jy leer terwyl jy reeds alles weet.
- Praat is goedkoop omdat die aanbod die aanvraag vër oorskry.
- Ons is wat ons herhaaldelik doen. Perfeksie is derhalwe nie 'n daad nie, maar 'n gewoonte (EN...desgelyks slordigheid) (Aristoteles 384 – 322 VC)
- Teenspoed ontloot talente wat in voorspoed dormant sou bly. (Horatius 8 – 85 VC)
- Die lewe is 10 % wat met ons gebeur en 90 % ons reaksie daarop.
- Die beste manier om 'n argument te wen, is om daaruit te bly.
- Die grootste diens wat aan enige land (of plaas) bewys kan word, is om 'n nuttige plant tot sy landboukultuur toe te voeg. (Thomas Jefferson)
- Iets wat bietjie goed is, is nie goed genoeg nie. Matigheid in humeur is altyd 'n deug, maar matigheid in beginsel, is altyd 'n ondeug. (Thomas Paine 1737 – 1809)
- Die grootste taak in die lewe is nie om te sien wat doer vër in die toekoms lê nie, maar om te identifiseer wat duidelik voor ons lê en dit te verwerk.

- Ek kon my weldade dikker gesaai het en hulle sou mekaar nie verdring het nie.
- Help jou buurman om sy las te dra en jy sal jou verwonder hoeveel ligter jou eie word.
- Die man met min woorde, se rekenaar is so kompak, dat daar nie plek is vir kaf nie.
- Volmaaktheid is altyd bereikbaar op 'n kleinigheid na.
- Jy kan nie met skoon hande modder gooi nie, nog minder met 'n rein mond gif spoeg.
- Agter die donkerste onweerswolke, is die ewige son nog altyd daar.
- Ons kyk tot die droogte kom en dan kyk ons almal hemel toe.
- Met spaarsaamheid sal jy uit die kleinste inkomste iets oorhou. Met verkwisting sal die grootste vir jou te min wees. (C.J. Langenhoven)
- Jy beny my blink skoene omdat jy nie weet van die liddorings wat binne pyn nie. (C.J. Langenhoven)
- Wanneer die moeilikheid so groot soos 'n berg is, klim die wyse bo-oor. Die dwaas graaf 'n tunnel onderdeur en bly binne vassteek. Die lafaard draai om. (C.J. Langenhoven)
- Wees dankbaar as jou kinders dik snye brood vra – meel is goedkoper as medisyne. (C.J. Langenhoven)
- Die enigste tyd wanneer spaargeld niks werd is nie, is wanneer jy 'n goedkoop, sleg artikel gekoop het. (C.J. Langenhoven)
- Stuur die luitaard na die mier en as hy nie te lui is om te gaan nie, sal hy te lui wees om terug te kom. (C.J. Langenhoven)
- 'n Man kan nog per ongeluk op jou tone trap, maar as hy op jou kop trap, is dit moedswillig. (C.J. Langenhoven)
- Betaal 'n donkie se prys en moenie 'n perd se dienste te wagte wees nie. (C.J. Langenhoven)
- 'n Land wat vir sy landbou sorg, sorg vir sy volhoubare toekoms. (Min. P.K. Le Roux)
- Pas op vir die man wat sy oë half toe hou. Dis nie dat hy nie wil uitkyk nie, dis om te keer dat jy inkyk. (C.J. Langenhoven)
- Hoe korter jy jou kuier maak, hoe gouer sal jy weer genooi word. (C.J. Langenhoven)
- Die luitaard is die enigste man wat van sy slaap moet rekenskap gee. (C.J. Langenhoven)
- Ma's en huisvroue is die enigste werkers wat nie gereelde vrye tye kry nie. Hulle is die groot vakansielose klas. (Anne Morrow Lindbergh)
- Die rol van Ma-wees is moontlik die belangrikste beroep wat enige vrou kan beoefen. (Jane Mary Riley)
- Wanneer jy dink dat jy onmisbaar is, moet jy 'n emmer water neem, jou vuis en arm daarin druk en dan stadig uittrek. Die gat wat in die water oorbly, is die mate waarin jy gemis sal word. (Sjinese advies/Solly Ozroveh)
- Moenie die krag onderskat van dom mense in groot getalle nie. (Finansies en Tegniek)
- Wat jou lot ook al in die lewe is, bou iets daarop. (Ploegvoor)
- Kind, onthou net één ding: Jy kon nie jou ouers en voorouers kies nie. (Vitton)
- Liewers 'n kort skande, as 'n lang verdriet.
- 'n Man se geld kan opraak, solank jou planne nie opraak nie. (Maksiman)
- Hê jou vyande lief, want jy het hulle gemaak.
- Hoe dieper ik poog te delven, hoe meer ik bederf ontmoet. (Luna van Dyk)
- Die lewe het my leer dink, maar die dink het my nie leer leef nie.
- Van werk word ek nooit, nooit moeg nie – wat my gedaan maak, is die werk wat lê en wag. (Sannie De Jager – Gobabis)
- Niemand is so dom soos die een wat nie wil leer nie en niemand is so lui soos die een wat nie wil dink nie.
- Reën by buurman – jy kry niks. Die Here was sy vuil kindertjies eerste. (Min. Hendrik Schoeman)
- Die belangrikste eienskap wat 'n jong meisie moet openbaar, is blymoedigheid in haar lewensuitkyk.
- Selfs God se engele kan ons nie red as ons gedurig ons eie kop wil volg nie. (Izak De Villiers)
- Saam met ons, rondom ons, in ons en by ons is die onsienlike. Hy sal altyd daar wees. (Izak De Villiers)

UITDRUKKINGS IN AFRIKAANS WAT MENS NET OOR KAN LAG!

- Sy het so baie plooië, sy skroef haar hoed op!
- Hy is so maer, hy lyk soos 'n potlood met 'n handbriek.
- Ek is nou so opgewonde soos n budgie op steroids !
- Jy's so skeel jy kyk jouself diep in die oë!

- Hy is so kort hy weet nie of dit keelseer of aambeie is nie.
- Hy is so kort hy slaan tot sy onderbroek se pype om.
- Hy is so maer, as hy langs 'n wit muur loop lyk dit soos n kraak wat beweeg!
- Hy is so skelm, hy bid onder ' n skuilnaam
- Ek gaan jou klap dat jy lus kry vir niks
- Ek sit nou so lekker ek staan somer op en sit weer.
- 'Lang gesig soos 'n bok wat afdraand vreet.'
- 'Drank los nie probleme op nie, maar so ook nie melk of water nie.'
- 'Ek voel nou so goed, ek vul somer die lotto nommers verkeerd in.'
- 'Ondervinding is iets wat jy eers kry nadat jy dit nodig het.'
- 'Almal kry die voorreg om onnosel te wees, net jammer party maak misbruik daarvan.'
- 'Ek is so de bliksem in, ek soen somer 'n pofadder oopbek'
- 'My vrou is so lelik, as sy op die sand sit wil die katte haar toe krap..'
- 'Arende vlieg dalk hoog, maar ons muishonde word nooit deur 'n vliegtuigmotor ingesuij nie.'
- 'Die mens is op aarde geplaas om in sekere hoeveelheid werk te doen. Op die oomblik is ek so ver agter ek sal nooit dood gaan nie.'
- 'Ons kannie almal helde wees nie, iemand moet langs die pad staan en hande klap.'
- 'Ek glo dat as iets die moeite werd was om te doen, dan sou iemand anders dit lankal gedoen het.'
- 'Jy mag nooit meer as jou yskas weeg nie!'
- 'As jy vir jouself kan lag dan het jy altyd iets om oor te lag.'
- 'As jy lyk soos jou paspoortfoto, dan het jy 'n reis nodig.'

Quotes & Jokes